

## Paulus se outoriteit en evangelie



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

2 Petrus 3:15, 16; Galasiërs 1; Filippense 1:1; Galasiërs 5:12.

#### Geheueteks:

“Soek ek dan nou die guns van mense, of van God? Of probeer ek om mense te behaag, dan sou ek nie ‘n dienskneg van Christus wees nie” (*Galasiërs 1:10*).

**S**tudente aan ‘n universiteit het ‘n sentrum op hulle kampus gebou waar almal, ongeag ras, geslag, sosiale status, of godsdienstige oortuigings – welkom sou wees. Stel jouself voor hoe dit sou wees as hierdie studente jare later terugkeer en sien dat ander studente die sentrum herontwerp het. In stede van ‘n groot kamer waar almal kon sosialiseer – ontwerp met die oog op ‘n sin vir eenheid vir elkeen – is die vertrek nou verdeel in kleiner onderafdelings waar toegang beperk is gebaseer op ras ras, geslag, ensovoorts. Die studente wat vir hierdie herontwerp verantwoordelik was, moes van mening wees dat hulle gesag, om hierdie veranderinge te kon aanbring, aan hulle gegee is deur eeue-oue gevestigde praktyke.

Dit is soortgelyk die situasie waarmee Paulus gekonfronteer was toe hy sy brief aan die kerke in Galasiërs geskryf het. Sy plan dat heidene slegs op die basis van hulle geloof kon aansluit, is uitgedaag deur die valse leraars wat daarop aangedring het dat die heidene ook besny moes word voordat hulle lidmate kon word. Paulus het gesien dat hierdie uitgangspunt ‘n aanval op die evangelie self was, en dus moes hy noodgedwonge daarop reageer. Sy reaksie is die brief aan die Galasiërs.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 8 Julie.*

## Paulus, die briefskrywer

**Lees 2 Petrus 3:15, 16. Wat vertel hierdie twee verse ons aangaande die wyse waarop die vroeë kerk Paulus se geskrifte gesien het? Wat leer dit ons oor die wyse waarop inspirasie werksaam is?**

---

Toe Paulus aan die Galasiërs geskryf het, het hy nie gepoog om 'n literêre meesterskap te skep nie. In stede daarvan het hy, onder die leiding van die Heilige Gees, spesifieke situasies waarby hy en die gelowiges in Galasiërs betrokke was, aangespreek. Briewe soos Galasiërs het 'n belangrike rol in Paulus se apostoliese bediening gespeel. As sendeling vir die heidene, het Paulus 'n aantal kerke gevestig wat rondom die Middellandse See geleë was. AL het hy hierdie kerke so dikwels moontlik besoek, kon hy nie te lank op een plek vertoef het nie. Om op te maak vir sy afwesigheid, het Paulus briewe geskryf om aan hulle leiding te verskaf. Met tyd is afskrifte van Paulus se briewe met ander kerke gedeel (Kol. 4:16). En alhoewel van sy briewe verlore geraak het, dra ten minste dertien boeke in die Nuwe Testament sy naam. Soos die woorde hierbo van Petrus aandui, is sommige van Paulus se geskrifte as die Skrif geag. Dit is ook 'n aanduiding van hoeveel gesag sy bediening uiteindelik verkry het in die geskiedenis van die kerk.

Op een tydstip het sommige Christene geglo dat die formaat van Paulus se briewe uniek was – 'n spesiale formaat wat deur die Gees geskep is om God se geïnspireerde Woord te bevat. Hierdie siening het verander toe twee jong studente van Oxford, Bernard Grenfell en Arthur Hunt, sowat vyfhonderd-duisend fragmente van antieke papyrus in Egipte ontdek het (dokumente op papyrus was gewilde skryfmateriaal honderde jare voor en na Christus.) Saam met al die ou kopieë van die Nuwe Testament, het hulle ook onder andere fakture, belastingopgawes, kwitansies, en persoonlike briewe gevind. Tot almal se verbasing was die basiese formaat van Paulus se briewe die algemeenste formaat wat briefskrywers daardie tyd gebruik het. Die formaat het ingesluit: (1) 'n aanhef wat meld wie die afsender is en wie die ontvanger is, en ook groetewense; (2) 'n woord van dank; (3) die liggaam van die brief (inhoud); en, laastens, (4) 'n laaste opmerking.

Dit kom kortliks daarop neer dat Paulus die basiese formaat van sy tyd gebruik het toe hy met sy tydgenote gepraat het, en wel deur 'n medium en styl waarmee hulle almal bekend sou wees.

**Indien die Bybel vandag geskryf sou word, watter soort medium, formaat, en styl, dink jy sou die Here gebruik het om ons daarmee te bereik?**

---

## Paulus se roeping

Hoewel Paulus se briewe die basiese formaat van antieke briewe navolg, bevat Galasiërs ‘n aantal unieke eienskappe wat nie in enige ander van Paulus se sendbriewe gevind word nie. Wanneer ‘n mens dit herken, sal hierdie verskille ons help om ‘n beter begrip te verkry van die situasie wat Paulus besig was om aan te spreek.

**Vergelyk Paulus se openingsgroet in Galasiërs 1:1, 2 met wat hy in Efesiërs 1:1, Filippense 1:1, en 2 Tessalonisense 1:1 skryf. Op watter wyses is Paulus se groetwoorde in Galasiërs verskillend en dieselfde van die ander?**

---

Paulus se openingsgroet in Galasiërs is nie slegs langer as in die ander nie, maar hy gaan uit sy pad om die grondslag vir sy apostoliese gesag te beskryf. Die woord apostel beteken letterlik “iemand wat gestuur is” of “‘n boodskapper”. In die nuwe testament, in die engste sin, verwys dit na die oorspronklike twaalf volgelinge van Jesus, asook ander aan wie die verre Christus verskyn het en opdrag gegee het om Sy getuies te wees (*Gal. 1:19, 1 Kor. 15:7*). Paulus verklaar dat hy aan hierdie uitgesoekte groep behoort. Die feit dat Paulus so sterk daarteen gekant was dat sy apostelskap op enige mens berus het, impliseer dat sommige in Galasiërs ‘n poging aangewend het om sy apostoliese gesag te ondermyn. Hoekom? Soos ons gesien het, was sommige in die kerk nie gelukkig met Paulus se boodskap dat verlossing deur geloof in Christus alleen gebaseer is, en nie op werke van die wet nie. Hulle het gevoel dat Paulus se evangelie besig was om gehoorsaamheid te ondermyn. Hierdie moeilikheidmakers was heel subtiel. Hulle was bewus daarvan dat die grondslag van Paulus se evangelie direk verbind was aan die bron van die apostoliese gesag (*Joh. 3:34*), en hulle was vasberade om ‘n striemende aanval op daardie gesag te loods. En tog het hulle nie direk Paulus se apostelskap ontken nie; hulle was bloot van mening dat dit nie heeltemal so betekenisvol of kenmerkend was nie. Dis moontlik dat hulle daarop aanspraak gemaak het dat Paulus nie een van Jesus se oorspronklike volgelinge was nie; sy gesag, was daarom nie van God nie, maar van mense – selfs dalk van die kerkleiers van Antiogië wat Paulus en Barnabas as sendelinge opgeroep het (*Hand. 13:1–3*). Of dit is selfs moontlik dat dit net van Ananias gekom het wat Paulus in die eerste plek gedoop het (*Hand. 9:10–18*). Na hulle mening was Paulus slegs ‘n boodskapper van Antiogië of Damaskus, en niks meer nie! Gevolglik het hulle geredeneer dat sy boodskap bloot sy eie was, en nie die Woord van God nie. Paulus het die gevaar ingesien wat hierdie beweringe teweeggebring het, en daarom verdedig hy onmiddellik sy Godgegewe apostelskap.

**Op watter wyses, selfs minder opsigtelik, word die gesag van die Skrif tans uitgedaag binne die grense van ons kerk? Hoe kan ons hierdie uitdagings herken? Nog belangriker, hoe het dit (moontlik) jou eie denkrigtings beïnvloed ten opsigte van die gesag van die Bybel?**

## Paulus se evangelie

**Saam met die verdediging van sy apostelskap, wat is daar nog waarop Paulus klem plaas in sy openingsgroet aan die Galasiërs? Vergelyk Gal. 1:3–5 met Efe. 1:2, Fil. 1:2, en Kol. 1:2.**

---

Een van die unieke kenmerke van Paulus se briewe is die wyse waarop hy die woorde genade en vrede met mekaar verbind. Die kombinasie van hierdie twee woorde is 'n aanpassing van die mees eiesoortige groetwoorde in Grieks en Joodse wêreld. Waar 'n Griekse outeur sou skryf “Groete” (of “Hallo”) (*chairein*), skryf Paulus “Genade”, 'n woord wat bykans dieselfde op Grieks klink (*charis*). Hierby voeg Paulus die tipiese Joodse groete van “Vrede”. Die kombinasie van hierdie twee woorde is nie slegs 'n genoeglikheid nie, intendeel, die woorde beskryf basies sy evangelieboodskap. (Trouens, Paulus gebruik hierdie twee woorde meer as enige ander outeur in die Nuwe Testament.) Die genade en vrede kom nie van Paulus af nie, maar van God die Vader en die Here Jesus Christus.

**Watter aspekte van die evangelie sluit Paulus by Galasiërs 1:1–6 in?**

---

Alhoewel Paulus min ruimte in die groetwoorde het om die aard van sy evangelie uit te sit, beskryf hy op meesterlike wyse die essensie van die evangelie in 'n paar kort verse. Wat is die sentrale waarheid waarop die evangelie berus? Volgens Paulus is dit nie ons gelykvormigheid aan die wet nie – die punt wat Paulus se teenstanders wou uitbasuin. Intendeel, die evangelie berus geheel en al op wat Christus vir ons vermag het met Sy dood aan die kruis en die opstanding uit die dood. Christus se dood en opstanding het iets bewerkstellig wat ons nie vir onself kan doen nie. Sy dood en opstanding het die mag van sonde en dood gebreek, en Sy volgelingen vrygemaak van die mag van die bose, wat so baie mense in vrees en bande gevang hou. Terwyl Paulus oor die wonderlike nuus van die genade en vrede reflekteer wat God in Christus vir ons geskep het, gaan hy oor in 'n spontane lofsang, wat in vers 5 staan.

**In soveel woorde as wat Paulus in Galasiërs 1:1–5 gebruik, skryf jou eie begrip neer van wat die evangelie vir jou is. Bring jou woorde Sabbat na die klas.**

---

## Geen ander evangelie nie

**Wat volg gewoonlik op die openingsgroet van Paulus se briewe? Hoe verskil Galasiërs? Vergelyk Gal. 1:6 met Rom. 1:8, 1 Kor. 1:4, Fil. 1:3, en 1 Tess. 1:2.**

---

---

Alhoewel Paulus allerhande soorte plaaslike uitdagings en probleme in sy briewe aan die kerke aanspreek, maak hy dit nog steeds 'n gewoonte om sy groetwoorde op te volg met 'n dankgebed aan God vir die geloof van sy lesers. Hy doen dit selfs ook in sy briewe aan die Korintiërs, wat gesukkel het met alle soorte agterdogtige optredes (*vergeelyk 1 Kor. 1:4 en 5:1*). Die situasie in Galasiërs is egter so ontstellend, dat Paulus die groetwoorde geheel en al uitlaat en net daar en dan tot die punt kom.

**Watter sterk woorde gebruik Paulus wat die erns van sy besorgdheid, oor wat in Galasiërs aan die gebeur was, openbaar? Lees Gal. 1:6–9, 5:12.**

---

---

Paulus draai nie doekies om wanneer hy die Galasiërs aanvat nie. Eenvoudig gestel, hy kla hulle aan van die verloëning van hulle roeping as Christene. Trouens, die woord “afvallig” in vers 6, is dikwels gebruik om soldate te beskryf wat hulle trou en lojaliteit aan hulle land afgesweer het om uit die leer te dros. Geestelik gesproke sê Paulus hier dat die Galasiërs manteldraaiers was wat hulle rug op God gedraai het. Hoe het die Galasiërs God verloën? Deur na 'n ander evangelie te draai. Paulus sê nie dat daar meer as een evangelie is nie, maar dat daar sommige in die kerk was – wat geleer het dat geloof in Christus nie voldoende was nie (*Hand. 15:1-5*)- wat so opgetree het asof daar wel 'n ander een was. Paulus is so ontsteld deur hierdie verwringing van die evangelie, dat hy wens dat enigiemand wat iets anders sou verkondig, onder God se vervloeking sou kom! (*Gal. 1:8*). Paulus is so empaties oor hierdie punt, dat hy eintlik dieselfde ding twee keer sê (*Gal. 1:9*).

**Daar is deesdae 'n neiging, selfs in ons kerk (op sommige plekke), wat ondervinding (of tradisie) bo leerstellings benadruk. Wat die belangrikste is (word ons vertel), is ons ervaring, ons verhouding met God. Hoe belangrik ervaring ook al is, wat skryf Paulus hier wat ons leer hoe belangrik dit is dat ons die korrekte leerstelling het?**

---

## Die oorsprong van Paulus se evangelie

**Die moeilikheidmakers in Galasiërs het daarop aanspraak gemaak dat Paulus se evangelie eintlik aangevuur is deur sy begeerte om die goedkeuring van ander te verkry. Wat moes Paulus eintlik anders in sy brief gedoen het as hy wel mense se goedkeuring wou verkry? Lees Gal. 1:6–9, 11–24.**

---

Waarom het Paulus nie van heidense bekeerlinge verwag om besny te word nie? Paulus se teenstanders was van mening dat Paulus bekeerlinge ten alle koste wou verkry. Moontlik het hulle gedink dat aangesien Paulus daarvan bewus was dat die heidene teen besnydenis gekant was, hy dit nie van hulle verwag het nie. Hy wou mense tevrede hou. In sy reaksie op hierdie bewerings, wys Paulus sy teenstanders op die sterk woorde wat hy so pas in verse 8 en 9 geskryf het. Indien hy wel slegs hulle goedkeuring wou hê, sou hy beslis anders geantwoord het.

**Waarom sê Paulus dat dit onmoontlik is vir ‘n volgeling van Christus om ook mense te behaag?**

---

**Ná Paulus se finale stelling in verse 11 en 12 dat hy sy evangelie en gesag direk van God ontvang het, op watter wyse bring hy sy standpunt tuis in verse 13–24?**

---

Verse 13–24 voorsien ‘n outobiografiese weergawe van Paulus se situasie voor sy bekering (*verse 13 en 14*), tydens sy bekering, (*verse 15 en 16*), en daarna (*verse 16–24*). Paulus maak die uitspraak dat die omstandighede waaronder elk van hierdie drie gebeure plaasgevind het, dit absoluut onmoontlik maak vir enigiemand om daarop aanspraak te maak dat hy die evangelie van enigiemand anders behalwe God ontvang het. Paulus gaan nie net sit en toekyk en toelaat dat enige persoon sy boodskap afbreuk aandoen deur sy roeping te bevraagteken nie. Hy weet wat met hom gebeur het, hy weet waartoe hy geroep is om te leer, en hy gaan dit doen, tot elke prys.

**Hoe seker is jy van jou roeping in Christus? Hoe kan jy doodseker wees waartoe God jou opgeroep het? Terselfdertyd, al is jy ook seker van jou roeping, waarom moet jy leer om te luister na die raad van ander?**

## Verdere leeswerk:

“In bykans elke kerk was daar lidmate wat Jode deur geboorte was. Met hierdie bekeerlinge was die Joodse onderwysers gereed om hulle te leer, en het hulle so ‘n voet in die deur van die kerke gekry. Dit was onmoontlik om die leerstellinge wat Paulus geleer het, deur skriftuurlike argumente omver te gooi. Daarom wend hulle hul tot gewetenlose metodes om sy invloed te verminder en sy gesag te ondermyn. Hulle verklaar dat hy nie ‘n dissipel van Jesus was nie, en het geen opdrag van Hom ontvang nie; en tog veronderstel hy om die leerstellings te leer wat in direkte opposisie van Petrus, Jakobus en die ander apostels gestaan het . . . “Paulus se siel is aangeraak Paulus se hart was geroer toe hy die ewels sien wat hierdie kerke spoedig sou vernietig. Hy het onmiddellik aan die Galasiërs geskryf, en hulle valse teorieë ontbloot, en met groot erns het hy hulle berispe as hulle van die geloof afgedwaal het.”—Ellen G. White, *Sketches From the Life of Paul*, pp. 188, 189 – vry vertaal.

## Vrae om te bespreek:

1. Bespreek jou verduideliking in die klas aangaande jou eie begrip van die evangelie. Wat leer ons uit mekaar se sieninge?
2. In Paulus se groetwoorde aan die Galasiërs verklaar hy dat Jesus se dood om ‘n baie spesifieke rede plaasgevind het. Wat was daardie rede, en watter betekenis het dit vir ons vandag?
3. In Galasiërs 1:14 sê Paulus hy was ongelooflik ywerig in sy vaders se tradisies. Met “tradisies” bedoel hy waarskynlik beide die mondelinge tradisies van die Fariseërs en die Ou Testament self. Watter plek (indien enige) is daar vir tradisies in ons geloof? Watter waarskuwing het Paulus se ervaring vir ons vandag aangaande die hele vraagstuk oor tradisies?
4. Waarom was Paulus ooglopend so “onverdraagsaam” van diegene wat anders as hy geglo het? Lees weer van die dinge wat hy geskryf het oor diegene wat ‘n ander siening van die evangelie gehad het. Hoe kan iemand moontlik so ‘n sterk en vaste standpunt inneem in ons kerk vandag?

## Samevatting:

Die valse leraars in Galasiërs het gepoog om Paulus se bediening te ondermyn deur daarop aanspraak te maak dat sy apostelskap en evangelieboodskap nie God-gegewe was nie. Paulus konfronteer beide hierdie beskuldigings in die openingswoorde van sy brief aan die Galasiërs. Hy neem sterk standpunt in dat daar slegs een pad na verlossing is, en hy beskryf hoe die gebeure rondom sy eie bekering ‘n bewys is dat sy roeping en evangelie slegs van God kon kom.

